# DIE SKIETLOOD

183ste Uitgawe 18 Oktober 2020
saam met Koersvas 183

## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

**Teks*:*** *Artikel 13. Vir die kinders van God is die besef en die sekerheid van hierdie uitverkiesing daagliks steeds meer rede om hulle voor die aangesig van God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartigheid te aanbid, om hulleself te reinig en om Hom, wat hulle eerste so uitnemend liefgehad het, ook van hulle kant vurig lief te hê. Dit is dan ook onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daaroor die kinders van God sal laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word deur 'n sondige lewe te lei. Deur die regverdige oordeel van God is dit juis die geval met hulle wat die genade van die uitverkiesing ligtelik vir hulleself toe-eien of ydellik en ligsinnig daaroor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.*

**Kommentaar:**
"Blaf die hond om hond te word, of blaf die hond juis omdat hy hond is?" Met eerste oogopslag lyk hierdie soos 'n lawwe speel met woorde. Wanneer ons die vraag ernstig opneem in terme van die boodskap wat daarin is, sien ons dat hierdie artikel in daardie retoriese vraag opgesom word. Gelowiges doen nie goeie dade om gered te word nie, hulle doen goeie dade omdat hulle gered is.

Geloof is die liefdevolle antwoord op God se liefde. Gelowiges word geroep tot goeie dade, nie omdat hulle die hel vrees of om in die hemel te kom nie, maar omdat hulle klaar gered is. Van tyd tot tyd hoor ons vrees-preke. Daardie preke wat aanmekaar gesit is om ons 'n onmeetbare vrees te gee vir God se oordeel en vir die hel. Vrees-preke wil die mens deur vrees motiveer om tot bekering te kom of om gehoorsaam te wees. Ons is almal sondaars, dit moet telkens erken word. Gelowiges is deur God begenadig. Die doopformulier praat van saam met Christus sterwe en saam met Hom lewe. Gelowiges is met ander woorde weer-gebore en het daarom die vermoë om die goeie te doen; juis omdat God hulle herskep het.

Positief en negatief is hier op die spel. Enige persoon wat wonder hoeveel sondes hulle kan doen voordat hulle vir die hel bestem is, of wonder watter sonde gaan die rit na die hel waarborg, verstaan nie die aard van verlossing nie. Gelowiges kan nie negatief uit die sonde leef nie, hulle lewe positief uit die redding.

In terme van die Dordtse leerreëls kan ons stel dat diegene wat glo, die uitverkorenes is. Die mense wat uitverkies is, word deur God se liefde gemotiveer om in liefde gehoorsaam te lewe. Dade gedoen in geloof word deur God aanvaar, nie omdat die dade so goed is nie, maar omdat dankbaarheid hulle bron is. Verdienste-pogings is in hul diepste wese gedoem daartoe om nie deur God aanvaar te word nie.

Diegene wat stel dat hulle weet dat hulle gered is en dan traak-my-nie-agtig deur die lewe gaan, verstaan nie die genade

nie en kan vanuit daardie perspektief nie gesien word as uitverkorenes nie.
Enige persoon wat besef dat God hom of haar gered het, sal noodwendig dankbaar lewe. Uitverkorenes kan nie anders as om te poog om gehoorsaam te wees en goed te doen nie. Hier is geen sprake van skuld of verdienste nie. Die goeie lewe is nie die gevolg van iemand wat skuldig voel oor iets en probeer opmaak daarvoor nie. Die goeie lewe is ook nie die lewe wat iemand lei om deur goeie dade eie saligheid te verseker nie. Die goeie lewe is die dankbare lewe.
Jy kan nie regter in jou eie saak wees nie. Jy is die slegste regter in jou eie saak; positief of negatief. Soms kyk ons te hard en veroordelend na onsself, en soms kan ons nie eens die plooie raaksien nie. Dit beteken dat ons nie na eie lewe kan kyk om daaruit af te lei dat ons gered is nie. Ons bly kyk na God se genade en dan vloei die goeie - of dalk net die poging tot die goeie - uit die wete van God se reddende genade. Ons waarborg van die ewige lewe is gefundeer in God se beloftes van redding en genade, nie in ons pogings en gedagtes oor eie prestasie of skuld nie.

**Teks***:* *Artikel 14.* *Hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing is verder, volgens die wyse besluit van God, deur die profete, deur Christus self en deur die apostels in sowel die Ou as die Nuwe Testament verkondig. Daarna is dit in die heilige Skrifte bekend gemaak en bewaar. Daarom moet dit vandag nog op die regte tyd en plek in die kerk van God - waarvoor dit in die besonder bestem is - uiteengesit word. Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. Dit alles moet gebeur tot eer van die heilige Naam van God en tot 'n lewende troos vir sy volk (Handelinge 20:27; Romeine 12:3; 11:33,34; Hebreërs 6:17,18).*

**Kommentaar:**
Die uitverkiesingsleer - reg verstaan - is nie 'n leerstuk wat deur die Reformatore uitgedink is of nie in die Bybel gegee word nie. Dwarsdeur die Ou Testament en Nuwe Testament kan die heilsgeskiedenis van God se genade nagespeur word. Die uitverkiesingsleer is 'n besondere perspektief op die vertelling aangaande God se genade. Dit is nie een of twee persone wat God se gunstige inisiatief verkondig het nie, maar die profete, Jesus Christus en die apostels het hierdie genade verkondig. (*Handelinge 20:27: " Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie*."). By nie een van hulle vind ons 'n ander klem as die klem op God se inisiatief nie.
Daar is 'n besondere klem wat ons moet raaksien in die leerstuk wat in die Bybel bewaar word. Hierdie leerstuk is nie daar om net in die Bybel raakgesien te word nie. Dit moet verkondig word. Dit moet uiteengesit word. Dit is belangrik om daarop te let dat dit op die regte plek, op die regte tyd en op die regte manier verkondig en uitgelê moet word. Hierdie leerstuk is in die besonder bestem vir die kerk. Die uitverkiesing kan nie deel wees van die evangelisasie en die oproep tot bekering nie. In daardie konteks kan dit vervreem en aanstoot gee. Uitverkiesing is nie deel van die gesprek met ander

gelowe nie. Dit hoort tuis in die kerk. Dit moet nie elders as in die kerk uiteengesit word nie. Uitverkiesing is 'n saak wat in die besonder tuis hoort in die kategese. Die Dordtse leerreëls lê klem op die feit dat dit uiteengesit moet word, en dit geskied primêr in die kategese, sonder om daardeur te wil stel dat dit nie in kategetiese elemente van die prediking aangeroer kan word nie. Die konteks waarbinne dit uitgelê word binne die kerk, is net so belangrik. Daar moet met diskresie en oordeelkundigheid omgegaan word in die kerk. By sterwensbegeleiding en smarte-troos na die afsterwe van 'n geliefde gaan spekulasie oor die uitverkiesing mense vervreem. Hierdie leerstuk is moeilik om oor te praat, omdat dit moeilik is om te verstaan en net so moeilik is om in die regte konteks met die regte mense op die regte manier te bespreek.

In die verkondiging, en in die kategese, moet daar 'n sekere benadering gevolg word. Dit is opvallend dat die leerreëls hierdie keer die woord "verkondig" gebruik. Van hierdie verkondiging (uitlê) word gesê dat dit met eerbied en ontsag, oordeelkundig oorgedra moet word. Dit is duidelik dat enige nuuskierigheid oor die verborgenhede van God, nie raadsaam is tydens die ondersoek van hierdie saak nie. God se weë is verborge en ons moet dit so aanvaar.;

Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. Hierdie leerstuk is aan ons bekend gemaak (geopenbaar) om God se heerlikheid en genade te toon, nie om ons spekulasies en nuuskierigheid te bevredig nie. Die waarheid is dat die mens se verbeelding soms onbegrens voorkom. Hierdie ryke verbeelding kan daartoe lei dat daar ingewikkelde, uitgebreide spekulatiewe teorieë oor die uitverkiesing uitgewerk kan word; wat met die waarheid van die Bybel geen verband het nie.

Ten slotte moet ons stel dat hierdie leerstuk twee sake ten doel het. Dit moet die eer van God handhaaf en verkondig. Dit moet ook dien as lewende troos vir die volk van God. God moet geëer word en die gelowiges moet telkens getroos word met die genade wat God gee (Hebreërs 6:17,18 " *En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg. Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is.").*

*Volgende uitgawe Artikel 15 en volgende*